Resensies

Van Zyl, Dine. 2001. *Slagoffers.* Kaapstad : Tafelberg. 164 p. Prys: R79.95. ISBN 0 624 04023 2.

Resensent: *Heilna du Plooy*
(Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

Hierdie roman handel oor die oorlog in Angola, die stryd tussen Savimbi se bosvegters (UNITA), ondersteun deur Suid-Afrika en befonds deur Amerika aan die een kant en die MPLA en FNLA aan die ander kant. Die roman sluit dus aan by ’n reeks ander Afrikaboeke in Afrikaans, onder meer Elsa Joubert se *Ons wag op die kaptein* en die kortverhaal “Melk”, die sogenaamde grensliteratuur van Alexander Strachan, Koos Prinsloo en Etienne van Heerden (veral “My Kubaan”) en Chris Barnard se *Moerland*. Dit is ook interessant, as ’n mens *Bonga* van Joubert en *Boendoe* van Barnard byhaal, dat daar in Afrikaans blykbaar meer geskryf is oor buurlande wat voormalige Portugese kolonies was, as byvoorbeeld oor Zimbabwe of Botswana of ander Afrikalande.

In hierdie roman gaan ’n joernalis na Angola om ’n onderhoud te voer met Savimbi om in Suid-Afrika ’n bietjie positiewe publisisteit aan UNITA te gee. Saam met ’n kameraman Riko Lewis word Nell deur die Suid-Afrikaanse Weermag na Angola geneem waar hulle deur senhora Fernanda ontvang word. Senhora Fernanda is klaarblyklik in beheer van UNITA se openbare betrekkinge en sy reël en beheer wat Nell en Riko te sien kry, wat hulle te hore kry en waar hulle mag heengaan. Hulle sien verder niks meer van die Suid-Afrikaanse magte nie, maar beweeg uitsluitlik tussen die Angolese ondersteuners van UNITA.

Aanvanklik word daar aan hulle slegs die positiewe aspekte van die UNITA-beweging getoon. Hulle begin gou vermoed dat die problematiese aspekte van die oorlog en van UNITA se bedrywighede van hulle weggehou word, maar hulle kan geen tree op hul eie beweeg om enige ander inligting te bekom nie. Hulle is verder blootgestel aan Afrika in sy volle werklikheid, die hitte, die gebrek aan goeie kos en medisyne (en Riko kry erg hooikoors), toerusting wat breek en nie herstel kan word

nie, swak kommunikasiemiddele en probleme om te kommunikeer as gevolg van taalverskille.

Hulle kry Savimbi nooit te siene nie en verneem later dat hy in dié tyd in Amerika is. Dit is dus ’n georganiseerde publisiteitsveldtog waarvoor hulle gebruik word, maar Nell is gedetermineerd om iets te vind wat outentiek is en wat nie gemanipuleerde inligting is nie. Sy kry iets daarvan in die besoek aan ’n skool waar die onderwyseres haar verhaal vertel: van hoe haar man voor haar oë vermoor is, hoe sy in ’n gat in die grond aangehou is, daarna opdrag gekry het om skool te hou en hoe sy dit met oorgawe doen. Hierdie vrou wat regdeur alles nooit gehuil het nie, kry trane in haar oë as sy deur bemiddeling van Nell ’n groot kas boeke uit Suid-Afrika ontvang. Hierdie insident toon die diepte van geroepenheid waaroor mense kan beskik en die mens se vermoë tot oorlewing in die mees haglike omstandighede en is een van die hoogte-punte in die boek.

Later sien Nell-hulle met skok en verbasing hoe vroue as wapendraers gebruik word (soos afgebeeld op die buiteblad van die boek). Dit is egter eers wanneer hulle die dorpie van *mutilados* besoek wat hulle die werklike omvang van die geweld en vernietiging van die oorlog besef. Die oorlog vernietig nie net die land en maak nie net mense dood nie. Dit vernietig ook mense wat nog lewe, wat moet aanhou lewe, meestal magtelose en onskuldige mense.

Nell voer onderhoude met hierdie verminkte mense, die tolk Rebelo vertaal en Riko neem af. Die onderhoude is byna nie te verduur nie en Nell en Riko en Rebelo moet hulleself dwing om voort te gaan, maar Nell wil deurdruk. Dit word ’n soort katarsis – om hierdie mense te laat praat, nie ter wille van die luisteraars of aanhoorders nie, maar ter wille van die mense self. Sodat hulle die geleentheid kry om hulle smart te vertel en sodat die wêreld van hulle kan weet.

Die roman is geskryf in ’n joernalistieke styl en pas daarom in by die genre van “New journalism” of faksie of joernalistieke literatuur. Maar dit word werklik literatuur, juis omdat die joernalistieke styl so uitstekend funksioneer as ’n tegniek van onderbeklemtoning. Die koel taal en styl vorm die rasionele teëpool wat die intensiteit van wat vertel word, uitlig en opvallend maak – dit word ’n uiters effektiewe vervreemdingstegniek. Daar is in die eerste deel van die boek ’n onderliggende spanning, want die leser vermoed daar is veel meer aan die gang as wat Nell en Riko mag sien, en dan is die laaste paar hoofstukke werklik ’n hou op die middelrif. Die insident van die mes wat wegraak, is ’n finale ontnugtering vir verteller en leser.

Die boek gaan ten slotte oor die verhale van vroue, vroue wat op verskillende, skrikwekkende maniere slagoffers van die oorlog is, maar dit is nie ’n feministiese stelling wat gemaak word nie. Hierdie boek is veel meer. Die roman gaan oor die verskrikking van oorlog. In ’n oorlog is daar net slagoffers, mans en vroue en kinders en die land self. In ’n oorlog wen niemand uiteindelik nie, geweld genereer verdere geweld, verskrikking ontlok verdere verskrikking en alle mense word ingrypend daardeur aangetas. Ook die leser.

Nagtegaal, Reinet. 2001. *Voorvaders kan vlieg, sê Delores.*
Kaapstad : Tafelberg. 175 p. Prys: R74.95. ISBN 0 624 04032 1.

Resensent: *Heilna du Plooy*
(Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

In hierdie roman hanteer die hoofkarakter, Delores, twee baie moeilike situasies. Haar ma, ’n bekende professor wat sielkundeboeke vir leke skryf, word wreed verkrag en haar pa kom te sterwe. Die ma en pa is al twintig jaar lank geskei maar het nog elke dag saam geëet. Die ma hanteer die verkragting oënskynlik goed – sy is ’n sterk en verstandige mens wat krisisse hanteer deur dit in ’n hanteerbare perspektief in te praat. So maklik is dit egter nie; nie vir haarself nie en ook nie vir diegene rondom haar nie. Die pa ly aan post-traumatiese stres namens sy vrou en wil nie eet nie. Hy gaan as gevolg daarvan ernstig agteruit, want hy is al tagtig jaar oud.

Delores is die emosionele en ekstroverte dogter van hierdie twee mense. Sy word op haar lewenspad vergesel deur ’n voorvader wat kan vlieg. Die voorvader is ’n soort alter ego, ’n verlengstuk van Delores self wat die kommentaar verskaf wat sy óf nodig het, óf nie self dapper genoeg is om te gee nie.

Die roman is geskryf in ’n ligte speelse trant, wat natuurlik ’n diskrepansie teweegbring tussen die erns van die ervaringe waarmee Delores te make het en die (skyn?)lighartigheid waarmee alles beskryf word. Hierdie diskrepansie funksioneer as ’n soort onderbeklemtoning en daar word gewoonlik sterk spanning opgebou deur so ’n teenstelling tussen tema en styl. Dit gebeur wel in hierdie roman, maar nie werklik so sterk dat dit ’n blywende indruk laat of die roman tot iets meer laat ontwikkel nie. ’n Mens dink aan die frase van Milan Kundera oor “the terrible

insignificance of our lives", 'n frase wat Marita van der Vyver aanhaal voorin *Griet skryf 'n sprokie*, maar in dié roman bly die trant te lig om die leser inderdaad te konfronteer met die verskrikkinge wat inderdaad so werklik is. Miskien is die hoofkarakter en haar voorvader net te veel in die fokus.

Die roman beweeg ook tussen die pole van romantiek en aardsheid. Soms is Delores optimisties en idealisties, veral as dit gaan oor haar gewese minnaar, tans haar geliefde, en soms is sy absoluut nugter en besonder prakties in wat sy sê en doen. Die teenoormekaarstelling van hierdie uiterstes kom ook voor in die styl waar die vertelling enersyds deurspek is met pittighede en aardse wysheid en andersyds ernstiger idees en gedagtes aan die orde stel. Die oorheersende toonaard is egter dié van lighartigheid en byderwetse nonchalantheid.

Die roman wil duidelik nie 'n treurige en neerdrukkende beeld van die lewe in die Suid-Afrika van vandag gee nie, maar wil nogtans vertel van die werklikhede en van mense se omstandighede in hierdie dae. Dit gaan ook sekerlik daaroor dat 'n mens oor krisisse kan triomfeer – afhangende van jou ingesteldheid – en dit is sekerlik so dat lag en vindingrykheid en kreatiwiteit mense verder gaan bring as benouende erns en depressie. Die roman bly egter 'n ligte boek ten spyte van die moontlikheid om meer te word. Die voorvader bly 'n vermaaklike teëstem van die hoofkarakter en die byna verbete wyse waarop hierdie karakter alternatief is en wil wees, word later net 'n bietjie lastig vir die leser.

Voorvaders kan vlieg, sê Delores is nogtans 'n boek wat sprankelend en prettig geskryf is en wat goeie vermaak bied.

Maartens, Maretha. 2001. *Jacoba Afrikaner.*
Kaapstad : Tafelberg. 175 p. Prys: R79.95. ISBN 0 624 04030 5.

Resensent: *Heilna du Plooy*
(Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

Daar het die afgelope tyd verskeie romans verskyn waarin die geskiedenis van Suid(er)-Afrika vertel word soos belewe deur mense wat nie vroeër 'n stem gehad het om hulle eie verhale te vertel nie, mense wie se verhale nie belangrik genoeg geag is nie, mense wie se verhale eenvoudig nie vertel is nie. Dit is ook nie vreemd dat die verhale van vroue

baie prominent in sulke romans is nie. Die groot voorloper (en steeds die norm in Afrikaans) van hierdie tipe roman is Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* uit 1977, maar meer onlangs was daar ook *Pieternella van die Kaap* van Dalene Matthee, Johnita le Roux se *Die dagstêrwals*, Zuretha Roos se boeke oor Mina Afrika en Karel Schoeman se indrukwekkende historiese studies oor Armosyn van die Kaap.

Jacoba Afrikaner sluit deels by hierdie tradisie aan. Die verhaal van Jacoba Afrikaner is een van die verhale wat vertel word in Maretha Maartens se roman. Hierdie Namameisie word groot op ’n plaas waar haar pa vir ’n wit plaaseienaar werk. Sy raak verlief op Tuvahi, ’n jong Herero wat kom kuier by familie en sy vertrek saam met hom na Windhoek. In die proses van mekaar leer ken en saam op pad wees, vertel Jacoba en Tuvahi die verhale van hulle mense vir mekaar. Die verskillende maniere waarop die geskiedenis deur verskillende groepe in Suider-Afrika beleef is, kom duidelik na vore in hierdie gedeelte (wat op deeglike navorsing berus). Dit word ook duidelik hoe en waarom jong mense soos Tuvahi hulleself geroepe voel om vir die vryheid van die land te gaan veg.

Die verhaal van Jacoba word vertel saam met die verhaal van Bas Pretorius en sy gesin. Bas, ’n gewese predikant, sukkel om die lewe van sy gesin bymekaar te hou, materieel sowel as emosioneel. Die gesin dreig om uitmekaar te val omdat elkeen op sy eie manier sukkel om in veranderende omstandighede sin te maak van wat gebeur. Die oudste seun, Hennie, idealiseer oorlog en word inderdaad lid van die Weermag, maar die werklike oorlogservarings doen hom (klaarblyklik permanente) skade. Die dogter het ’n vriend wat ook ’n soldaat is, sodat interessante parallelle en verskille met die menings van Tuvahi nagegaan kan word. Die gesin het verder ’n seun wat aan ’n seldsame afwyking ly en die ma is ’n soort afwesige figuur wat byna uitsluitlik deur die oë van Bas gesien word.

Jacoba beland uiteindelik op die ashope van Windhoek waar sy van prostitusie lewe en na ’n grusame moord is Bas die een wat (hoewel hy toevallig daar aankom) haar troos. Die verhale van twee mense uit uiteenlopende omstandighede en agtergronde kom dus op hierdie onwaarskynlike plek momenteel bymekaar.

Die roman begin met ’n toneel op die ashope en die twee verhale word om die beurt vertel. Maartens is ’n ervare skryfster en skryf vlot en gemaklik. Daar word in die roman verskillende en selfs uiteenlopende stemmings en toonaarde tot stand gebring. Die reis van Jacoba en Tuvahi asook hulle sienings van hulself en hulle mense word geïideali-

seerd en byna geromantiseerd aangebied. Daarteenoor is die lewe van Bas en sy familie werklik ’n neerdrukkende geskiedenis van mense wat net nooit ’n manier kry om te voel dat hulle in die werklikheid ’n plek het nie. Daar is in hierdie mense se lewe net mooi niks gerusstellends en bemoedigends nie en die gesinslede staan elkeen eensaam, los van die ander.

Daar kan gevra word hoe die twee verhale op mekaar lig werp, want Jacoba se verhaal word deur politieke en sosio-ekonomiese faktore beheers en dié van Bas hoofsaaklik deur meer persoonlike omstandighede. Die gestremde kind, sy onvrede met sy beroep as predikant, sy roeping en sy teologiese navorsing, die verhouding tussen hom en sy vrou is alles sake wat nie primêr met groter kontekstuele probleme te make het nie. Daar is wel Bas se konfrontasie met die invloed van Westerlinge op Afrika se geskiedenis (die onderwerp van sy studie) en daar is veral die jong mans uit verskillende agtergronde wat by die oorlog betrokke is wat samehang suggereer, maar dit is nogtans of die roman uit twee afsonderlike dele bestaan wat nie organies ’n eenheid word nie. Dit is wel ook so dat dit vir my ’n besonder neerdrukkende boek was om te lees ten spyte van die menslike uitreik na mekaar in die slot.

Scheepers, Riana. 2001. *Met die taal van karmosyn.*
Kaapstad : Human & Rousseau. 111 p. Prys: R69.95. ISBN 0 67981 4211 1.

Resensent: *Fanie Olivier*
(Universiteit van Venda)

Met die taal van karmosyn is die poësiedebuut van Riana Scheepers. As prosaskrywer is sy goed gevestig in die gekanoniseerde Afrikaanse literêre wêreld, haar *Katrina*-stories het haar in ander opsigte ’n gewilde outeur gemaak, terwyl sy as rubriekskrywer in die dagpers breë bekendheid geniet.

Fasette van al hierdie terreine is aanwesig in hierdie digbundel, en as opgeleide letterkundige is sy ook terdeë bewus van die wisselwerking of intertekstualiteit wat hiermee saamhang. Naas spesifieke aanhalings wat sy aandui, integreer Scheepers boonop ook ander elemente van die Afrikaanse (en Nederlandse) letterkunde en taalwêrelde in hierdie debuut: tekste van onder andere Eugène Marais, G.A. Watermeyer en N.P. van Wyk Louw, Afrikaanse volksryme, kinderverse en Bybeltekste.

Hierdie kapstokke sal uiteraard ’n lekker speletjie word vir studente, en dit sal interessant wees om by ’n tweede- of derdejaarklas by ’n Afrikaanstalige universiteit te kyk hoe vertroud ’n nuwe geslag nog met hierdie kultuurerfenis is. Ek vermoed min daarvan sal in so ’n ondersoek raakgelees word.

Maar die net span ook wyer en verder terug: tot by die Griekse poësie en die onvermydelike Sappho, hoewel die Lesbos-las nie in hierdie gedigte op haar skouers geplaas word nie. En na die byderwetse tegnologie, waar SMS-boodskappe in en by gedigte betrek word.

Al hierdie aspekte maak dit baie duidelik dat die skrywer ’n baie bewuste vers- en bundelmaker is. Lesers word uitdruklik gevra om dinge te betrek by die lees: die foto op die omslag skuif die “neutrale” spreker/skrywer/ stem buitendien ook nog op die agtergrond en druk ’n outobiografiese stempel op die bundel af.

Vir diegene wat bekend is met Riana Scheepers se persoonlike lewe, word elemente van die bundel dus met persoonlike betekenis gelaai. In die slotafdeling reisgedigte word die gebruik van “my land” in “KwaZulu-Natal” en “Scheepersnek” spesifiek juis dít; ingewydes sal effens wrangerig kennis maak met perspektiewe op bemindes/minnaars/ geliefdes.

Met so ’n spandoek het die skryfster haarself egter ook blootgestel aan ’n nog kritieser lees: hoe pas al die dinge? En, juis as gevolg van die verliteratuurdheid, hoe deeglik is die deurkomponering, hoe verantwoord die struktuur en ordening? Hoekom, byvoorbeeld, is daar al daardie gedigte sonder hoofletters (of met hoofletters)? Ek kon geen patroon vasstel nie, en moet daarom maar die afleiding maak dat dit gewoon slordigheid is. En in ’n bundel van hierdie aard: onverskoonbaar.

Die formele versorging kom ook ter sprake in die plasing van twee gedigte vooraf: “Laaste” en “Eerste”, wat ook saam met die twee motto’s gelees wil word. “Laaste” (wat eerste geplaas word) is ’n vrye vertaling van ’n Griekse gedig van 300 v.C., ’n doodsvers. Hierdie gedig word in “Eerste” herdig tot liefdesgedig, waardeur die dood besweer word en die poësie oor die eeue self ook as ’n liefdesverhouding bevestig word.

Maar albei hierdie gedigte kan trouens plek gevind het in die eerste twee afdelings, sodat dit vir my moeilik is om te verstaan presies hoekom die digter besluit het om hulle so opsigtelik saam te plaas. Deur hulle apart te plaas, sou die wisselwerking tussen hulle in ieder geval subtieler in die oog geval het.

Dit is ’n besonder lywige bundel vir ons tye, en die 78 gedigte kon myns insiens beslis aan strenger keuring onderwerp gewees het. Die voorlaaste afdeling “Met die taal van smarag” kon waarskynlik weggelaat geword het: die meeste gedigte hier is nie iets besonders nie en die groen ondermyn bowendien die rooi waarmee die bundel wil werk – ook in die letterwerk op die voorblad. “Kruis”, waarin die digter die ou tema van die lewende kruishout van Christus nuut verken, is die sterkste van die boom-gedigte in hierdie afdeling, maar hoort waarskynlik in ’n ander versameling.

Die voorafgaande afdeling, “Met die taal van skarlaken”, skakel wel by die rooi aan, maar ek sou meen dat hoogstens vier gedigte hieruit in hierdie spesifieke bundel tuisgebring moes word: “Paradyshuis”, “Trapgimnastiek” en die heerlike spulsheid van “Rympies vir soet kinders” in die breë groep minnaars- en liefdesgedigte, en “Meid” in die afdeling “Met die taal van bloed”.

“Trapgimnastiek 1" is die beste gedig in hierdie afdeling (en een van die bestes in die bundel), waarin daar in die slotreël skielik ’n ondertoon na vore tree wat die vers se reikwydte vergroot wanneer die spreker na ’n nag van liefdespassie “vóél/ hoe my beendere ratel”.

Ook die laaste afdeling reisgedigte deur Suider-Afrika sou weggelaat kon word, en weer net twee of drie gedigte daaruit geneem en in ander afdelings opgeneem word. So word die bundel heelwat skraler, en in die proses heelwat méér.

Met die taal van karmosyn wil in die eerste plek liefdesbundel wees. Die bundeltitel word toegelig deur twee Nederlandse aanhalings vooraf, waarin die liefde reeds voorop geplaas word; die afdeling liefdesgedigte is juis ook die lywigste. Dit dra as titel die bundeltitel, en skets in die 39 gedigte die ekstase van die liefde: die digter het ons immers in ’n motto gewaarsku: “Van karmozijn word je duizelig, ziek van liefde.”

Die gedigte bevestig die mag van die liefde, wat veral daartoe in staat is om gewone, alledaagse en selfs banale taal poëtiese seggingskrag te gee. Die liefde, so vertel hierdie gedigte ons, veroorsaak pyn en verlamming; dit breek inhibisies af, en is as dit in poësie gestalte kry, volkome selfgenoegsaam. Dit verander die beminde en die minnaar, en gee geborgenheid en veiligheid. Dit verander prosaïese mense in speelse en spulse beheptes, en bring ongekende rustigheid. Dit is so oud soos die berge, so jonk soos woestyne, en daarom word die bundel bevolk deur ruïnes, ou stede, klassieke digters en eietydse digters, die hoofse en die alledaagse, die Bybelse en die goddelike. In tipiese oormoed word selfs die gode ondergeskik gestel aan die liefde.

Hoe skryf ’n mens dan die liefde núút? Dit is die dilemma waarmee elke verliefde digter deur die eeue bly worstel het. Ten spyte van die feit dat Scheepers wel deeglik bewus is van hierdie problematiek (kyk maar na ’n gedig soos “My taal maak weer liefde”) en die sterk sensuele en seksuele inslag baie van die gedigte tematies skerper laat praat, bly die meeste van hierdie liefdesgedigte sentimenteel, en oorheers geykte uitdrukkings. In die gedig met die titel “Met die taal van karmosyn” (uit die volgende afdeling) verklaar die spreker dat die liefde “laat vloei nou/ soet en simpel woorde uit my mond.”

Die invoer van die eietydse tegnologie, soos deur die verwysings na SMS-boodskappe, bring ook geen verruiming nie. Die gedig “SMS”, wat oor drie geslagte heen liefdesverklarings wil verken, bevestig dit trouens onmiskenbaar.

Nogal steurend by ’n skrywer wat as letterkundige diens gedoen het, is die wyse waarop die beeldspraak dikwels problematies word. Hoe kneus ’n mens ’n robyn, en hoe proe so ’n gekneusde robyn (“Iewers, êrens, gisternag, Lief”), hoe dans jy as jy net een been het en stewig daarop staan (“Palm”)? In “Oase” lees ’n mens dat die geliefde se bors ’n woestyn is, sy bene ruisende palms en sy penis ’n oase.

Daar is heelwat indigting in die bundel deur die byroep van ’n magdom ander tekste. Hierdie proses word egter nooit swaar en opdringerig nie, en ’n mens herken met heelwat genot die stemme van ander bekende tekste (ook die Bybelse) in Scheepers se liefdesverse.

Soos afdelings twee en drie, is die titel van die eerste afdeling met sy ses gedigte ook gekoppel aan rooi: “Die taal van bloed”. Dit is familieverse wat uitloop in die bloedband met en die bloed van Afrika. Die twee laaste gedigte is vir my van die mooistes in die bundel: “Jy haat Afrika” is ’n striemende aanval op dié wat hulle nie met die vasteland kan vereenselwig nie; “Aardkors” verteenwoordig ’n besef van en ’n verset teen die onontkombare inhaligheid van die aarde as ’n gegewe van die dood.

Die slotafdeling, “Reis”, bestaan uit sestien gedigte wat verslag doen van ’n reis (ietwat onsistematies) van twee weke tussen 20 Desember 2000 en 2 Januarie 2001. ’n Eeuwendingsreis dus, wat ’n besondere dimensie aan die gedigte kon gee. Maar daar is daarvan geen teken te bespeur nie, terwyl die aanleun by Alan Paton se *“Ah, but you land is beautiful”* niks van die ironie saambring wat ’n mens sou verwag nie. Die gedigte wat bybly, is “Riviersonderend”, die gestroopte “Huisrivierpas” en die humoristiese en snydende “Pofadder (2)”:

Ek probeer inskakel op Radio Pofadder
[RSG se onsin versteur die rus]
uiteindelik kry ek dit:
ssssssssss…

Soos ek vroeër gesê het, kon enkele van hierdie reisverse in ander afdelings ingesluit geword het omdat hulle dáár die gesprek oor en in die taal van bloed sou aanvul, of amper natuurlik aansluit by dimensies van die liefdesgedigte.

Met die taal van karmosyn is ’n ongelyke bundel. Daar is elemente daarin wat suggereer dat Scheepers miskien ook as digter haar sal kan vestig, maar die ontluistering kry net nie sterk genoeg gestalte nie. By ’n soveelste lees voel ’n mens dat daar groter selfdissipline moes wees, of, ten minste, ’n sterker keuringsoog en redigeerdershand in ’n tydperk waarin gedigte andersins nie maklik gepubliseer word nie.